**Die Eikestadwinkel,**
(Edms. Bpk.)
is verlede jaar opgerig deur Maties vir die gerief en welvaart van Maties. Kom raadpleeg ons in verband met al u benodighede en u sal
**BESPAAR!**
- Ons hersnaar en herstel Rakette.
- Ons het een van die beste droogskoonmaak - agentskappe in die land.

# DIE Matie

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

**VILJOEN**
se
**FIETSWINKEL**
heet al die nuwe studente sowel as die oue 'n baie hartlike
*WELKOM!*
Fietse en Fietsparte in voorraad.
Onthou: Net langs
Suikerbossie.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

DEEL II, No. 4. VRYDAG, 20 MAART 1942. PRYS 1d.

# *Weg met die Partystelsel*

## A.N.S. MOET LEIDING GEE OP IDEOLOGIESE GEBIED

## O.B. Staan Vir Nuwe Bedeling

**„Dit is die taak van die studente om die nuwe staatsidee te ondersoek en leiding op die gebied te gee. Om die rede is dit goed dat die studente georganiseer is in die A.N.S., maar die studente moet ook in noue kontak wees met die res van die volk en om hierdie rede is dit goed dat hulle saamgeskakel is met die O.B.'', het Dr. van Rensburg, Kommandant-Generaal van die O.B. en ere-President van die A.N.S., voor 'n volgepakte stadsaal verklaar, by geleentheid van die openingsvergadering van die O.B.-A.N.S.-studente front.**

Die Stellenbosse stadsaal het nog nooit so 'n luisterryke vertoning gemaak soos Saterdagaand nie. Die saal was van kant tot kant behang met O.B.-vlae en baniere, terwyl 'n groot A.N.S.-wapen sierlik gepryk het teen die agtergrond van die swart ferweelgordyne op die verhoog. Toe die kleure op indrukwekkende wyse die saal binnegedra is, het die ingetoë geesdrif 'n atmosfeer van besondere spanning geskep.

### ANTI-LIBERALISTIESE FRONT

Mnr. W.A. Joubert, Leier van die A.N.S.-tak en Hoof-Kommandant van die studente O.B.-kommando's, het die groot en geesdriftige gehoor welkom geheet. Hy het o.a. verklaar dat die A.N.S. staan vir volksorganisasie, d.w.s. 'n organisasie van die volk volgens beroepe. In so 'n organisasie sal die studerende jeug ook georganiseer wees om sy spesifieke deel by te dra; A.N.S. wat juis so 'n organisasie is sal derhalwe saamwerk met enige volksbeweging wat homdieselfde doel stel. Plaaslik het die A.N.S.-tak en die studente kommando's tot 'n mate saamgeskakel in 'n anti-liberalistiese studentefront om koördinasie van werksaamhede te verkry.

Dr. van Rensburg is langdurig toegejuig toe hy opgestaan het om met sy toespraak te begin. Hy het daarop gewys dat die O.B. en sy leiding in die hitte van die geveg staan en dus nie tyd het om aandag te gee aan die stryd op die ideologiese front nie. Dit is die taak van die studente. „Die stryd snel nou ten einde," het dr. van Rensburg verklaar, „'n Nuwe boekdeel in die wêreldgeskiedenis word geskrywe, ook in Suid-Afrika. En in Suid-Afrika gaan dit oor die derde Republiek. Die eerste kapittel hiervan sal wees, ‚die O.B'." Die ou stelsel sak in duie oor die hele wêreld; orals word die nuwe bedeling gesien. In Italië het hierdie verjonging as simbool die fasces, in Duitsland die hakekruis, in Spanje is daar die Falangiste, en in Suid-Afrika die Ossewabrandwag. Die O.B., as 'n vegter vir die nuwe bedeling, is nie Nazi-isties nie, maar dit is seker nie anti-Duits nie.

### O.B.-RIGTING

„Die Ossewabrandwag is nie 'n politieke party met 'n program van aksie nie, maar 'n beweging met 'n siel en rigting. Die rigting is 'n partylose Republiek waarin die geldmag verbreek is," aldus dr. van Rensburg. Die O.B. is teen die Parlementarisme van die ou orde en dus ook teen die partystelsel. Belangrike redes hiervoor is die feit dat die partystelsel nog nét daarin geslaag het om die Afrikaner te verdeel, en omdat dit hand aan hand gaan met die kapitalisme. „Ons wil die Afrikaner eer as Afrikaner, en nie as 'n appendiks van 'n geldsak nie,' 'het hy verklaar. Omdat die O.B. teen Parlementarisme, en dus ook teen die partystelsel is, het hy die vyandskap van die party op die hals gehaal.

Die O.B. eis vrede en vryheid. Elke O.B.-lid sal getrou bly aan sy eed om 'n brug te bou na die nuwe ordening. Elkeen sal sy plig doen, maar wat die uitkoms daarvan sal wees berus by 'n hoër Hand. „Ons sal getrou bly aan ons eed buite die tronk, binne die tronk en dwarsdeur die tronk," het dr. van Rensburg ten slotte onder dawerende toejuiging gesê.

*„Dit moet 'n republiek wees waarin die volk waaragtig vry is. Dit moet 'n staat wees wat in die volste sin van die woord Christelik-Nasionaal is. Daar mag geen oorheersing van die volk wees deur die geldmag wat vandag Suid-Afrika uitsuig nie. Die rykdom van die land moet vloei oor die breë akkers van die volkslewe en nie in die sak van 'n klompie kapitaliste nie. Die euwels van die huidige party-politieke stelsel moet verwyder word! Die volk en nie 'n klompie plutokratiese draadtrekkers nie, moet die gesag voer."* (Uit die toespraak van wyle dr. N. J. van der Merwe voor die groot volksvergadering om 'n republiek te eis, te Bloemfontein; soos deur „Die Burger" van 22 Julie 1940 gerapporteer.)

## Plate-program

### *Sondagaand om 8.30*

Die Musiekverenigingbestuur wens apologie aan te teken dat verlede Sondagaand se plateprogram nie plaasgevind het nie weens 'n misverstand waaroor ons gee beheer gehad het nie.

## O.B.-Vergadering

**Alle studentelede van die O.B. moet Maandagaand, 23 Maart, om 7.30 in die Hoofgebou wees vir 'n vergadering van die studentekommandos.**

**Ook persone wat nog van plan is om by die O.B. aan te sluit, word versoek om teenwoordig te wees.**

Die program vir hierdie week sal dié een wees wat in verlede week se „Matie" aangekondig is, nl.:

„Oberon" Overture (C. M. von Weber).
„Schlafendes Jesuskind" (Hugo Wolf).
Vioolkonsert in D grootterts (Beethoven).

Versoeke vir die Sondagaand-programme kan by lede van die bestuur ingelewer word.

## Eerste Vollengteprent

### Raro Maak Geskiedenis

**Vrydag, 20 Maart 1942, sal vir ewig 'n rooiletterdag in die geskiedenis van die RARO-tak op Stellenbosch wees, want hulle eerste rolprent, die veelbesproke, „In Stellenbosch Bloei weer die Bome'' word dan aan die publiek bekend gestel.**

Net soos die lied „In Stellenbosch Bloei Weer Die Bome" 'n ware juweeltjie in ons Afrikaanse musiek album is so sal die rolprentjie wat op die lied gebaseer is ook 'n juweeltjie in die album van ons Afrikaanse Filmbedryf wees.

Die Rolprent begin met 'n uitbeelding van die vaal droewige winter met 'n aanhoudende gedrup-drup van de reën tot dit skielik oorslaan na tonele in volle kleur, tonele wat leef en wat spreek van die uitbundige vreugde van 'n skone lente.

Sulke tonele veral soos die van die wonderlike rooi roos afgebeeld teen ons helder blou lug, die lug wat alleen aan Afrikaanse Veld eie is sal nooit uit ons geheue gewis word nie.

RARO, ons is trots op julle veral nou dat julle aan ons getoon het watter natuurskoon ons daagliks omring maar veral dat julle getoon het watter moontlikhede Stellenbosch bied in die rigting van die Afrikaanse Filmbedryf.

Ons is ons volle steun aan julle verskuldig nie net deur die feit dat julle eersteling so 'n groot advertensie-waarde het ten opsigte van ons Eikestad nie maar veral ten opsigte van ons Alma Mater.

### PROGRAM

Die program vir die aand bestaan verder uit:

„Swartland se Goud," 'n rolprent wat handel oor die koringbedryf.

„Om en by Grote Schuur." Die naam verduidelik alreeds dat dit 'n afbeelding is van die pragtige blomme by Groote Schuur.

„Kaskenades op 'n Kerkhof" ons eerste kort lagprentjie.

dan volg die prent waarna ons almal al uitgesien het, nl. „Newels oor Mont-Aux-Sources." Dr. Hans Rompel het alreeds beroemdheid verwerf deur sy artiekels en kritiek oor die rolprent, nou het hy egter ook sy spore as regiseur verdien. Newels oor Mont-Aux-Sources is die eerste vollengte speelprent wat deur RARO gemaak is en regverdig ten volle die koste en veral die moeite daaraan bestee.

***ONDERSTEUN ONS BLAD***

**Welkom**
Hartlik welkom, dames en here studente, by die
**SUIKERBOSSIE**
en die Universiteit van Stellenbosch. Lank mag julle lewe om 'n lekker koppie koffie saam met julle vriende te kan geniet by
**DIE HOOFKWARTIER VAN GESONDHEID.**

***Goeie Raad!***
Vir Netjiese Drukwerk en ander Skryfbehtoeftes
Besoek
***DOWSON***
Ons Staf tot U Diens.

**SPESIALE AANBOD**
Maties hier is u kans om nog 'n Goedkoop Sportsbaadjie te koop. Geruite- en Ege Kleur Sportsbaadjies teen die ou Prys van 45/6, 47/6, 53/11.
Ons sal nie weer in staat wees om dieselfde waarde aan u te verskaf nie, sorg dus dat u een koop voor ons voorrade uitgeput is.
**GEBROEDERS DE WET (EINS.) PBK.**
Bus 21. BIRDSTRAAT, STELLENBOSCH. Foon 20.

Maties!....die gewilde afsaalplek....
die Kaapstadse Koffiehuis
*Wandelgang,*
Groote Kerkgebou,
**KAAPSTAD**
(Foon 3-0520)
'n Ou Tradisie herlewe!
*Na 'n besige dag in die stad — rus en smaaklike etes in die KOFFIEHUIS.*

**R. MÜLLER**
EERSTÉ vir KLAVIERE, VLEUELS, ORRELS.
Alle ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE, MUSIEKALE BENODIGHEDE, DRAADLOOSTOESTELLE EN GEDRUKTE MUSIEK. WAPENS, AMMUNISIE, ens.



**R. MÜLLER**
(Eiens.) Bpk.
KAAPSTAD en STELLENBOSCH.

Tel. 2-1944. Posbus 2657.
**R. W. van Rijn,**
BRILMAKER.
Kamers 501-520 Vyfde Verdieping
Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.
Laat u brilvoorskrif deur my voltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame.
Spesiale afslag vir Studente.

MATIES!
**BRINK en VAN AARDE,**
die Studente
**HAARKAPPERS**
(net langs Suikerbossie)
lewer die beste dienste aan Studente.
**Ondersteun Hulle!!!**

*IN DIE OU WINKEL VAN DIE C.S.V.*
**UITVERKOPING**
van
OPVOEDKUNDIGE
**BOEKE**
Teen
**HALFPRYS EN MINDER AS HALFPRYS**

*PAS ONTVANG.*
Day: Economic Development of Modern Europe.
**C.S.V.-**
**BOEKHANDEL,**
Pleinstraat,
STELLENBOSCH.
Groot Voorraad „PENQUIN" en „PELICAN" Series Voorhande.

**DIE MATIE**

Hoofredakteur: A.N.S.-Taksleier.
Redakteur: P. A. Theron.
Ass.-Redakteur: B. J. v. d. S. de Villiers.
Besigheidsbestuurder: S. P. Botha.
Spesiale Medewerkers: D. G. Franzsen, W. R. Laubscher.

Deel II. 20 Maart 1942. No. 4.

## Stellenbosch as Afrikaner - Universiteit

Teen die huidige ontwikkelingstempo van die Universiteit van Stellenbosch is dit gladnie uitgesluit dat dit nog die grootste universiteit in ons land kan word nie. Hierdie ontwikkeling kan veral verwag word indien Stellenbosch hom daarop toelê om leergange wat nader staan aan die praktiese beroepslewe, soos ingenieurswese, en handelswetenskappe ,tot die volste mate te eksploiteer. 'n Noodwendige korollaat van bostaande tendens is natuurlik dat die gesag en aansien waarmee die universiteit se optrede na buite gemoeid is, groteliks sal uitbrei. Om dié rede is dit nodig dat ons enkele punte wat met hierdie toestand van sake in verband staan, deeglik onder oë sien.

Enersyds is Stellenbosch se groot getalle tot op 'n sekere hoogte juis 'n waarborg dat Afrikanerbeginsels in 'n veel breër kring ingedra en gepropageer word. Maar vir enigeen wat in die afgelope dekade van die fenomenale uitbreiding op Stellenbosch dieper gekyk het as net hierdie oppervlakkige waarneming, is dit duidelik dat die getalsuitbreiding pari passu vergesel is van 'n verswakking van juis daardie ideale wat ons nou op so 'n groter skaal kan uitleef en op akademiese wyse aan 'n minderbevoorregte Afrikaanse publiek kan voorhou.

Groepvorming en geestelike verwarrings is vandag die hoofkenmerke van die studentelewe van Stellenbosch. Binne die A.N.S. het ons nog altyd 'n uitgelese kring studente gehad wat in die regte rigting gevoel en gedink het. Hierdie mense is egter heeltemal verswelg in die altyd breër wordende stroom van studente wat koud en gevoelloos staan teenoor daardie dinge wat Stellenbosch gebring het tot die hoogtepunt wat hy vandag bereik het. Hierdie groot aantal „toeskouers" het o.a. veral in die monstervergaderings, koshuisvergaderings, e.d.m. 'n heeltemal onbepaalbare element gevorm .Omdat hulle nie self op 'n uitgesproke beginselsgrondslag gestaan het nie, kon hulle heen en weer beweeg word volgens die grille en massa-psigologie wat hy een of ander tydstip die deurslag gee.

Dit spreek vanself dat so 'n toestand 'n baie goeie aanknopingspunt vir die Afrikaner-liberalisme wat so 'n eienaardige voorliefde vir Stellenbosch aan die dag lê, aanbied. Deur 'n beroep te doen op die idees van akademiese denkvryheid, e.d.m., is 'n handjievol liberaliste in staat om groot monstervergaderings te domineer met behulp van hierdie deurslaggewende „floating vote."

Die wrange vrugte van hierdie getalleoormag en beginselmiskenning is te veel in die afgelope jare by groot studente-toetsake gesien om nog in besonderhede daarop in te gaan. Dit is genoeg as ons net daarop wys dat die posisie totaal anders is volgens die getuienis van studente aan Afrikaanse inrigtings soos U.K.-O.V.S. en Potchefstroom. Deurdat dié inrigtings kleiner is (die twee saam is maar ongeveer 'n derde van die Stellenbosse studentetal) kan hulle beslis en eendragtig optree. Iets soos groepvorming en liberalistiese beïnvloeding is vooraf reeds uitgesluit. Dit verklaar dan die sterk stem waarmee hierdie inrigtings hulle in die volkslewe laat hoor.

Twee oplossings vir die Stellenbosse dilemma wil ons aan die hand doen. Eerstens moet afgesien word van daardie verkeerde opvatting dat universiteitslesings 'n soort van afgetrokke neutraliteit aan die dag moet lê. Dit is die plig van dosente om hulle studente terdeë op hoogte te stel wat die Afrikanerstandpunt teenoor volksvraagstukke is. Laasgenoemde standpunt sal in hierdie dae van geestesverwarring en nuwe ordes nogal nie te maklik omskryf kan word nie. Maar een feit is duidelik: 'n liberalistiese wetenskaplike uitkyk is vir die Afrikaner 'n heeltemal vreemde en onsuiwer lewenshouding. Daarvoor is hy te sterk onder Calvinistiese invloed.

Die tweede oplossing is dat die Stellenbosse student sy gewig moet inwerp by die enigste organisasie in Stellenbosch wat plaaslik sowel as in die breëre volkslewe aangeskryf staan as die liggaam wat liberalisme met wortel en tak wil uitroei, nl. die A.N.S. Met die saamskakeling van die A.N.S. en die O.B. word hierdie taakstelling steeds nader aan sy suksesvolle volvoering gebring.

# Die Oorlog

## IV.—Rusland.

*„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht.*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

*Deur Prof. J. A. Wiid*

Na die Japanse oorwinning in die slag van Java en die besetting van Rangoon, het daar in die Verre Ooste gedurende die afgelope week geen sensasionele oorlogsgebeurtenisse plaasgevind nie. Dit moet waarskynlik toegeskryf word aan 'n behoefte by die Japanners om eers hulle posisie in die nuwe stellings te konsolideer en te versterk voor 'n nuwe sprong gewaag word. Ook van Anglo-Amerikaanse kant laat 'n grootskaalse teenoffensief, waaroor daar so baie gepraat word, nog altyd op hom wag. Intussen kan daar van stilstand in die oorlogsvoering geen sprake wees nie. Japanse landings in Nu Guinee is 'n regstreekse bedreiging vir Australië en die Japanners se vordering in Birma vergroot nie die veiligheid van Indië nie. Dit word deur die Anglo-Amerikaanse bondgenote wel deeglik besef. Vandaar die landing van Amerikaanse strydmagte in Australië, die benoeming van die Amerikaanse generaal, MacArthur, as bevelvoerder in Australië, en die sending na Indië van Cripps, die man wat in Engeland vandag meer publisiteit as selfs die Eerste-minister geniet. Die toekoms sal moet bewys of Amerikaanse hulpverlening groot genoeg is om Australië te beveilig en of Cripps daarin sal slaag om die massas van Indië geestdriftig vir die oorlog teen Japan te maak.

### RUSLAND

Van die Russiese front kom daar nog altyd rooskleurige berigte oor die suksesvolle offensief van die Rooi leërs, oor ongenoemde plekke wat deur die Russe herower sou wees, oor groot getalle gesneuweldes van die Spil, ens. Die Russe beskik oor korter verbindings- en toevoerlinies en bekendheid met die terrein en klimaat. Ook het die land agter die Russiese linies bepaald nie so veel deur die oorlog gely, en is dus meer bruikbaar vir die oorlogsvoering, as die verwoeste gebied agter die Duitse linies nie. Dit alles is groot voordele en volgens die Russiese berigte sou dit dan ook met die Duitsers maar sleg gaan en sou die sogenaamde lente-offensief van die Spil maar net grootpratery van die Duitsers wees. Dit is egter snaaks dat die Russiese berigte omtrent nooit melding van Duitse gevangenes en gewondes maak nie. Ook het ons nog altyd nie verneem dat die sleutelpunte van die Duitse winterlinie vanaf Schlusselburg in die noorde tot by Taganrog en die Krim in die suide reeds deur die Russe herower is nie. Die jaar 1942 sal waarskynlik 'n beslissende wending aan die oorlog in Rusland bring. Dit sal bewys moet word dat 'n Russiese veldtog vir 'n Adolf Hitler soortgelyke resultate as vir 'n Napoleon sal lewer . Intussen sal dit verstandig wees om ook ag te gee aan die woorde van Russiese leiers soos Stalin en Litvinov wanneer hul by hulle bondgenote aandring op die stigting van nuwe oorlogsfronte teen die Duitsers. Miskien sal Amerika en Brittanje ook eersdaags by Rusland aandring op die skepping van 'n nuwe front teen Japan.

### ANDER OORLOGSFRONTE

Aan die ander fronte het daar gedurende die afgelope week nie veel nuuts voorgekom nie. In Noord-Afrika is die oorlogsvoering tot verkenningsbedrywighede en lugaanvalle beperk. Die Britse steunpunt Malta word nog steeds heftig uit die lug bestook . Die duikbootoorlog is erg bedrywig, veral langs die oostelike kus van Amerika, en dit sal onverstandig wees om die gevaar van die duikboot vir die Brits-Amerikaanse skeepvaart te onderskat.

### 'N TWEEDE FRONT

Dit is 'n baie ou oorlogstaktiek om die vyand te probeer omsingel, d.w.s. nuwe oorlogsfronte skep en sy mag versnipper. As 'n land self nie sterk genoeg is om hierdie omsingelingstaktiek uit te voer nie, dan moet hy bondgenote vind om hom daarmee te help, om nuwe fronte teen die vyand te skep. Dit was dan ook die eeue-oue taktiek van Brittanje, die s.g. magsewewig-taktiek, om die vyand te isoleer, te omsingel en nuwe aanvalsmoontlikhede teen hom in die lewe te roep. Brittanje is in hierdie taktiek besonders deur sy geografiese eiland-ligging en sy sterk vloot begunstig.

In die huidige oorlog wou hierdie ou Britse taktiek nie so goed werk nie. Die skepping van meer as een gelyktydige front teen Duitsland en Italië het hierdie keer nog geen beslissende sukses gehad nie. Ook in die oorlog teen die Japanners het hierdie taktiek tot dusver nie te goed geslaag nie. Net soos in Europa en gedeeltelik ook in Afrika was dit in Asië gewoonlik nie Brittanje en sy bondgenote wat die inisiatief in die hand gehad het nie. Die oorsake van hierdie toestand van sake saam met die lang reeks van nederlae moet in die eerste plek nie in Amateuriese oorlogsvoering gesoek word nie, maar in die veranderde geografiese en strategiese faktore van die twintigste eeu.

Die volgende keer meer hieroor.

### LAAT BERIG.

Op spesiale versoek word die rolprent wat van die Reddingsdaadweek hier geneem is, ook môreaand deur Raro vertoon.

**Rook Springbok-Sigarette**

## Die Landbou-toer

Die toer vind plaas in die April-Mei vakansie. Die studente beoog besoeke aan 3 Landboukolleges, Universiteit van Pretoria, Proefplase in Pretoria, Onderstepoort Veeartseny-kollege, Vroeë-oggend-markte op Bloemfontein, Johanneburg en Pretoria en interessante en historiese plekke in Bloemfontein, Pretoria en Johannesburg.

Die eerste besoek na die vertrek van Stellenbosch is aan Grootfontein Landboukollege, waar ons een dag sal gebruik om die vee, o.a. swaarperde, beeste, vet skape en merinos, die akkerbou-werk, die besproeiingsproewe met lusern, ens. te besigtig.

Daarvandaan gaan ons na Bloemfontein waar ons die vroeë-oggend-mark besoek en die Bosbou Departement stasie. Ook die stad en die Vrouemonument en museum. Dan is ons vir die naweek die gaste van die Kollege waar ons die Fries- en Afrikanerbeeste, swaarperde, merino skape, die sentrale eierlêwedstryd, pluimvee, akkerbou en vrugte afdelings en proewe, ens., sal besoek.

Maandagoggend kom ons in Pretoria aan waar ons vir 5 dae die gaste van die Universiteit sal wees. Hier besoek ons die mark, universiteits-proefplaas met o.a. beeste en skaaprasse, weidingproewe, die teelwerk om nuwere gewassoorte tot stand te bring, ens. Ook sal ons die grasproefplase van Prinshof en Rietondale besoek, die Meteorologie afdeilng, Bosboudepartement, Uniegebou, waar ons deur die Minister van Landbou of Sekretaris sal verwelkom word. Ons sal 'n dag in Johannesburg deurbring en die vroeë-oggend-mark, die vleismark en die „Cold Storage" besoek, asook die „Golden City." 'n Dag om die interessante Veeartsenykollege te Onderstepoort te sien. Ook is daar ander historiese plekke te sien o.a. Oom Paul se huis, die museum en kerk.

Vrydagaand vertrek ons na Potchefstroom-Kollege, waar ons die hele Saterdag gebruik om beeste, vet skape, akkerbou- en teelproewe om nuwe gewassoorte tot stand te bring, vrugteboorde, pluimvee, ens., te sien. Hier, soos ook by al die ander kolleges sal ons gronderosie bestudeer.

GEVRA

50,000 Afrikaners wat graag hul eie tabak wil rook en wat hul handelaar om „PATRIOT" sal vra.

**Voorbrand Tabakmaatskappy (Edms.) Bpk.,**

Kommissaris-Straat 200,

**JOHANNESBURG.**

*DIT IS HIER*

Die eerste speelprent van

**R. A. R. O.**

„NEWELS OOR MONT-AUX-SOURCES."

'n Spannende Kleurprent met 'n Sprankelende voorprogram waaronder die volgende

„IN STELLENBOSCH BLOEI WEER DIE BOME."

(Hier plaaslik vervaardig deur die RARO-tak)

„SWATLAND SE GOUD."

„KASKENADE OP 'N KERKHOF" e.a.

Die skoonheid van Eie Bodem vertolk deur Eie Fotograwe wat die Siel van die Afrikaanse Veld verstaan.

*Vrydag, 20 Maart,* om 7.30 n.m., in

**C.S.V.-SAAL.**

(Toegang 1/3 vir Studente)

**FINALE**

**SLUITINGSDATUM van A.N.S. en O.B. is DINSDAG**

**Skryf in voor die tyd**

*Vervolg van bls. 3.*

op die nasionaal-Christelike idee; vir 'n staat wat vry sal wees van partyoorwegings en -vooroordele; 'n staat wat geen partystelsel sal erken nie, maar alleen die volkswil en die volksideale; 'n staat waarin die geldmag as heersende euwel aan bande gelê en gedwing sal word tot nasiediens; 'n staat waarin elke man en vrou sy regmatike lewensaandeel sal hê; 'n staat waarin die vryheid van Godsdiens aanvaar word en die Godsdienstige en sedelike lewe van die Afrikanerdom teen ondermynende praktyke beskerm word; waarin daar doeltreffende beheer oor die pers, die radio, die rolprent en die vermaaklikheidsbedryf uitgeoefen sal word met die oog op die opbouing van 'n gesonde en skeppende volksgees; 'n staat waarin die arbeidskrag van die volk versterk en beskerm sal word teen kapitalistiese uitbuiting; waarin privaat inisiatief binne die volksverband aangewakker en beskerm sal word teen die georganiseerde geldmag; waarin 'n gesonde gesinslewe as die grondslag van die hele volksbestaan opgebou en aangemoedig sal word tot welsyn van volk en vaderland.

Dit is in hierdie stryd dat ons 'n oproep doen tot die jeug van Suid-Afrika om hul deel in woord en daad by te dra tot die sukses van die omwenteling in die volksgees sowel as in die staat en die wêreld. Suid-Afrika roep u, studente; u voorgeslag roep u. Wees standvastig en sterk in die stryd.

Om u die geleentheid te gee om daadwerklik deel te neem in hierdie rewolusie teen die ou orde, bied die Ossewabrandwag u aan 'n plek in sy geledere, want hy het nodig elke krag. Daarom is daar in die gewysigde konstitutie van die O.B. voorsiening gemaak vir die inskakeling van alle beskikbare kragte en word daar ten opsigte van die volksbeleid en volksaksie voorsiening gemaak in die verskillende afdelings verbonde aan die sentrale gesag van die Ossewabrandwag. Daarom is daar besluit deur die offisierslaer tot die uitbouing van die Ossewabrandwag tot 'n omvattende Afrikaanse volksbeweging wat meer as 'n party sal wees en wat leiding in die omwenteling moet gee en uitloop op 'n nuwe organiese solidarisme. Hierdeur dek hierdie volksbeweging die breëre terreine van die volkslewe en strewe. Die ondervertakkings van hierdie breëre organisasie, onder leiding van deskundiges word eersdaag aangekondig, en sal u die gelentheid gee om daarin u geestelike krag aan die volksbelang te wy net soos u dit nou doen in u kommando-indelings.

U leuse moet wees: DIENS EN PLIG VIR GOD, VOLK EN VADERLAND.

*APTEKERS*

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan. Deskundige Fotografiese Handelaars.

Maak gebruik van ons Vlugge Fotografiese Posdiens.

**JOERNING EN SEUN**

(Eiens ) Bpk.

Hoek Bird- en Pleinstraat,

**STELLENBOSCH.**

## Puik Sanguitvoering

Verlede Woensdagaand, by geleentheid van die eerste vergadering van die Musiekvereniging het mev. Hugo, die bekende liriese sopraan 'n uitvoering van Volksliedere en twee arias uit Johan Strauss se operette „Die Fledermaus," gegee. Die nommers is toegelig deur dr. C. G. S. de Villiers, en die begeleidster was mej. Joan van Niekerk. Mev. Hugo het, soos altyd, die geesdriftige gehoor bekoor met haar sang. (Die opkoms kon beter gewees het).

Daarna is 'n kort besigheidsvergadering gehou en die nuwe bestuur vir 1942 is as volg gekies:

Voorsitter: mnr. Frits Stegmann; Ondervoorsitter: mej. Petro Smit; Sekretaris: mnr Hubert du Plessis; Tesourier: mnr. Andy Rabé; Add. lid: mnr Stefaan du Toit.

Inskrywings (1/6) vir die Musiekvereniging geskied by bogenoemde persone.

Donderdagaand, 26 Maart, gee mev. Lilli Kraus 'n lesing-uitvoering: „Die kuns van Gemaklike Sang, toegelig met Weense liedere." Die toegang sal wees 1/6. Plekbespreking by C.S.V. gebou. Ons vertrou op u ondersteuning vir hierdie konsert.

## Die U.S. Professionele (All in) Stoeiklub

Die Stoeiklub wat verlede jaar onder taamlike ongunstige omstandighede gestig is, het besluit om vanjaar weer sy bedrywighede voort te sit. Dit is besonder verblydend om te sien dat daar hierdie jaar onder ons studente 'n groter entoesiasme bestaan vir hierdie gewilde Afrikaanse Sportsoort. Dit het dan ook ten gevolge gehad, dat die ledetal van die klub aansienlik uitgebrei het.

Verlede jaar is die Amateur Stoeiklub deur ons bestuur genader i.v.m. nouer samewerking. Hierin het ons egter nie veel sukses gehad nie. Ons meen egter dat daar hierdie jaar 'n beter verhouding tussen die twee klubs sal bestaan en daar sal dan ook van ons kant getrag word om nouer samewerking te bewerkstellig.

NUWE KAPTEIN

Mnr. H. C. L. Heinen, ons kaptein van van verlede jaar, het ons weens omstandighede verlaat, en mnr. Jack Steyn is deur 'n bestuursvergadering in sy plek aangestel. Mnr. Steyn tree ook hierdie jaar op as afrigter van die klub. Hy was vir drie jaar lank 'n leerling van Bull Hefer en daar kan geen twyfel bestaan dat hy hom besonder goed van sy taak sal kwyt nie. Ook het mnr. D. G. Conradie sy hulp aangebied i.v.m. die afrigting.

Met hierdie vooruitsigte gaan die Professionele Stoeiklub dan die nuwe jaar tegemoet.

## Veelbelowende Boksspan

Op die algemene vergadering van die boksklub, is die volgende bestuur gekies:—

Pres.: S. C. Harvey.
Kapt.: C. C. Heunis.
Onder Kapt.: I. van Z. Marais.
Sek. en Tes.: A. G. van Wyk.
Addisionele lede: C. J. Louw en M. J. van Tonder.
Ere lede: Dr. E. T. Stegmann en Mnr. J. W. Postma.

Met uitsondering van Jan de Kock wat by die weermag aangesluit het, is al die lede van verlede jaar se span weer terug. Die span beskik dus nog oor die dienste van C. Heunis, C. J. Louw, Coetzee, M. v. Tonder, A. G. van Wyk en ander goeie boksers.

Isak Marais, die oud-kaptein en liggewig kampioen van die Maties, is ook weer terug. Sy terugkoms is veral baie welkom, omdat hy ook uitstekende dienste as afrigter sal kan bewys, daar die Maties vanjaar nie oor 'n geskikte breier beskik nie. Visser, ook 'n oud-liggewig van die Universiteit is ook weer terug.

Daar het 'n groot aantal nuwe lede by die klub aangesluit, en veral swaargewigte van wie veel verwag word, o.a. Barnard, Erasmus en A. du Plooy. Dit skyn egter of daar weer 'n leemte in die vlieggewig-afdeling gaan wees.

Met hierdie materiaal tot hulle beskikking kan daar sommer groot dinge van die Matieboksers vanjaar verwag word.

Die klub begin aanstaande week sy oefeninge.

## Hokkie-vooruitsigte Vir Vanjaar

Die vooruitsigte vir die jaar is bevredigend. Die e erstespan het meeste van sy spelers van verlede jaar behou. Alleen Roelofse en Garlick het vertrek. Die gevoeligste verlies is die van Garlick op die regtervleuel, omdat sy plek skynbaar nie met soveel sukses kan gevul word nie. Daar is egter nie gebrek aan belowende spelers in die klub nie. Daar sal ook nog veel gehoor word van ou staatmakers soos Frans Smuts, Douglas Hey en oom Jannie Moolman, hoewel hul werk hul nie toelaat om op die bestuur te dien nie.

Ook die gebrek aan breiers sal waarskynlik nie vanjaar 'n moeilikheid wees nie.

Ons verneem ook dat daar belowende spelers onder die nuwelinge op Stellenbosch is.

Meer wedstryde met die Platteland, veral vir die laer spanne, en 'n senior toer is in die vooruitsig.

Die eerste algemene oefening sal op die allerlaatste op die 23e Maart wees, aangesien 'n wedstryd met Vishoek, en miskien nog 'n klub, op die 28e in vooruitsig is.

**DIE PÊRELSE STOOMWASSERY**

Kom laat die Firma wat die Beste dienste lewer u ook bedien.

**Eienaar : Mnr. W. Marsh.**